1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 4 – 4 FEBRUARIE 2015

Geagte ouers

PERSONEEL:
Baie geluk aan Mnr. Ruan Pretorius wat verjaar op Dinsdag, 3 Februarie.

DATUMS VIR KWARTAAL 1 VAN 2015

2 Februarie	**Tennis liga**
4 Februarie	**TOETS: ENGELS** **Waatlemoenfees 12:30** **Atletiek: Wyk by GM : Gewigstoot 10jr. seuns + dogters / Diskus + Spiesgooi seuns + dogters by H/S GM**
5 Februarie	**Atletiek: Wyk in skooltyd by H/S GM om 08:00.**
9 Februarie	**Tennisliga**
12 Februarie	**TOETS: WISKUNDE** **Atletiek Cluster (L/S DM)**
13 Februarie	**Graad 7 Sokkie** **Skaak Interhuis** **VALENTYNSDAG BY SKOOL. Leerlinge dra rooi of wit. Geen koste.**
16 Februarie	**Interne Redenaars Gr 1 – 3 18:00**
17 Februarie	**Interne Redenaars Gr 4 – 5 18:00**
18 Februarie	**Interne Redenaars Gr 6 – 7 18:00**
19 Februarie	**TOETS: AFRIKAANS**
20 Februarie	**Atletiek: Distriksbyeenkoms (tuis)**
23 Februarie	**Tennis liga** **Leerlinge dra gewone klere op hoof se verjaarsdag.**
25 Februarie	**Foto's: klasgroepe en Individuele foto's**
26 Februarie	**TOETS: NW/TEG GR. 4 – 6 EN NW GR. 7**
2 Maart	**Tennisliga**
3 Maart	**TOETS: AARDRYKSKUNDE**
4 Maart	**Rugby Bulletjies Midstream 18:00**
5 Maart	**TOETS: GESKIEDENIS** **Wêreld leesdag**
10 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
11 Maart	**Rugby + Netbal: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
12 Maart	**TOETS: EBW GRAAD 7** **Rugby: JOHAN DUURSEMA AANDREEKS**
16 Maart	**Tennisliga**
19 Maart	**TOETS: TEGNOLOGIE GRAAD 7**
20 Maart	**Rapporte: Grondslagfase en Graad R**
23 Maart	**Oueraand GF 17:30** **Tennisliga**
25 Maart	**SKOOL SLUIT 11:00** **MARKDAG GR 5** **Leerlinge betaal R5 vir gewone klere ten bate van die Behoeftige fonds.** **Rugbytoer na Sundown Ranch (O/12 en O/13)**

"FACEBOOK" EN "WHATSAPP" GROEPE:
Ons wil 'n vriendelike versoek rig aan ouers om nie negatiewe kommentaar rakende die skool op facebook te plaas nie, en ook nie "Whatsapp" groepe te stig waar onderwysers bespreek en afgekraak word nie. Die inligting versprei en is vir geen persoon aangenaam om te hoor nie. Ons is daartoe verbind om die beste vir ons leerlinge te doen. Ons moedig u dus aan om enige probleme onder die hoof se aandag te bring. Epos my by hoof@daniemalan.co.za Dit is vir ons uiters belangrik dat ons ouers en kinders gelukkig moet wees.

SCHOOL COMMUNICATOR:
Die "D6 School communicator" is beskikbaar en kan op enige rekenaar en slimfoon afgelaai word. Verkry so al die skoolinligting op u foon, rekenaar of tablet. Onthou om u "school communicator" te verpersoonlik (personalize). M.a.w. merk net die inligting wat u wil ontvang bv. As u 'n Graad 1 ouer is merk net Graad 1, dan ontvang u net inligting wat op u van toepassing is.

BEHEERLIGGAAMSVERKIESING:
Beheerliggaamverkiesing 2015. Die verkiesing van 'n nuwe Beheerliggaam vir Laerskool Danie Malan sal Woensdag, 11 Maart 2015 plaasvind. Die nominasietydperk open reeds 26 Februarie vir voorafnominasies. Die sukses van ons skool is afhanklik van die ondersteuning van ons ouers, en die bydrae wat hulle kan lewer. Die Beheerliggaam vervul 'n baie belangrike rol in die bestuur van die skool en om kwaliteit en gehalte van onderrig te verseker (in belang van die gemeenskap). Tydens die verkiesing kry ouers die geleentheid om by die bestuur van die skool betrokke te raak en hulle keuse, oor wie die skool moet bestuur, uit te oefen. Kandidate moet oor spesifieke vaardighede beskik om spesialis-bydraes te kan lewer tot die funksionaliteit, van die Beheerliggaam en skool. Die besondere vaardighede wat veral op die Beheerliggaam benodig word sluit in: 'n regsgeleerde 'n ouditeur of rekenmeester, 'n ingenieur, 'n IT-spesialis, 'n beleidskrywer, 'n terreinspesialis, 'n sportkundige, 'n akademikus op tersiêre vlak en 'n veiligheidsdeskundige.

WêRELD LEESDAG 5 MAART 2015:
Donderdag 5 Maart vier ons leesdag in ons skool. Met ons leesdag poog ons om al ons leerders van alle ouderdomme aan te moedig om tyd te maak om van hul gunsteling boeke te lees. Ons loots ook 'n "Koop 'n boek" projek waar ons ouers aanmoedig om 'n boek te koop en dit dan aan die skool te skenk, of om 'n gebruikte een wat steeds in 'n goeie toestand is vir ons te stuur. Stuur asb die boeke wat u skenk voor of op 5 Maart 2015.

BELONING – VRYDAE 13:00:
Daar is 'n ooreenkoms met die leerlinge aangegaan. Indien die terrein elke dag netjies is vir een week lank, sal die skool die daaropvolgende Vrydag 13:00 uitkom. Daar moet dus geen papiere voor-skool, gedurende skooltyd en na-skool op die terrein wees nie. ***Op Vrydag 6 Februarie 2015 verdaag die Gr 1-7 leerlinge om 13:00, omdat hul hul kant van die ooreenkoms nagekom het.*** Ons sal u elke Dinsdag met ons weeklikse omsendbrief in kennis stel of die skool 13:00 uitkom al dan nie. Ons versoek asb. dat u die nodige reëlings sal tref vir eerskomende Vrydag. Ons gaan van die week af 'n Graad per week die geleentheid gee om na n pouse seker te maak die

---

AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 4/2015

Ek, _____ouer of voog van _____ in Gr. _____/_____ neem kennis van Omsendskrywe 4 van 2015.
Waatlemoenfees: Aangeheg is R10 vir die waatlemoenfees van 4 Februarie. Ek gee toestemming dat my kind in Gr 4-7 aan die waatlemoen-smeer-fees mag deelneem: JA / NEE
Ouer/vooghandtekening: _____
Graad 4-7 toeskouers: Hiermee gee ek toestemming dat my kind 5 Februarie met die bus vervoer mag word na Gerrit Maritz Hoërskool vir die Sub-Cluster (Wyksbyeenkoms) JA / NEE
Ingesluit is R5 vir busgeld : JA / NEE
Ouer/vooghandtekening: _____ Selnr. _____

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 4 – 4 FEBRUARIE 2015

terrein is skoon. Hierdie week is Graad 4's se beurt. Die res van die leerlinge moet steeds help om papiere op te tel. Elke week gaan 'n ander Graad dié verantwoordelikheid kry. Ons terrein lyk al baie beter en die leerlinge leer om respek te hê vir hul omgewing. U aanmoediging tuis sal baie help.

GEESVANG - WAATLEMOENFEES:

Ons gaan **Woensdag, 4 Februarie** gees vang voor die Wyksbyeenkoms. Ons gaan aan die einde van die dag na tweede pouse na die pawiljoene beweeg. Daar gaan ons die atlete vir die Wyk aan die skool bekend stel. Die sangers gaan dan ons kreet vir hulle sing. Daarna gaan daar 'n waatlemoen-fees wees. Ons gaan die leerlinge die geleentheid bied om **gewone klere aan te trek, teen R10 en dit sluit 'n stuk waatlemoen in**.

Slegs **Graad 4-7** leerlinge wie se ouers toestemming verleen, mag egter aan die waatlemoen-smeer-fees deelneem. Ons **Graad 1-3** leerlinge gaan wel waatlemoen kry om te eet, maar hulle gaan net toeskouers van die fees wees. Elke leerling wat toestemming het ontvang 'n stuk waatlemoen waarmee hulle enigeen op die atletiekbaan mag smeer. Indien u nie u kind aan die fees wil laat deelneem nie, moet u egter steeds **R5** betaal as u kind gewone klere wil aantrek. ***Indien 'n leerling 'n ekstra stuk waatlemoen wil hê, kan hul dit teen R5 'n stuk koop op die rugbyveld. Belangrik: Die ekstra stukke waatlemoen kan nie vooraf gekoop word nie.*** Die gelde gaan gebruik word om waatlemoene aan te koop, en die **wins gaan na die Graad 7 fonds.** Die skool kom normaalweg om 14:00 uit vir Graad 3-7, en 13:15 vir die Graad 1's en 2's.

WYKSBYEENKOMS - 5 FEBRUARIE: TOESKOUERS:

Die Gr 1-3 wat nie atlete is nie, gaan 5 Februarie nie saam na die Wyksbyeenkoms nie. Die Graad 1-3 leerlinge gaan normaalweg na die skool kom in hul skooldrag, met hul skooltasse. Die **Graad 4-7 leerlinge wat nie atlete is nie, moet nie later as 07:25 by die skool wees, netjies geklee in hul Vrydagdrag.** Ons sal met busse vanaf die skool vertrek na Hoërskool Gerrit Maritz en weer om 14:00 terug wees by die skool. **Die Gr 4-7 leerlinge moet asseblief R5 vir busvervoer betaal.** Voltooi asseblief die afskeurstrokie, aangesien leerlinge slegs op die bus toegelaat sal word, indien hul 'n toestemmingsbrief het. Geen tasse is nodig vir toeskouers nie.

Leerlinge kan wel 'n klein sak saamneem, om hul beursies, en of kosblikke in te bêre. Daar sal 'n R5 hektoegang gevra word vir volwassenes, en sluit 'n program in. **INDIEN DIT REëN SKUIF DIE WYKSBYEENKOMS. ONS SAL U PER SMS LAAT WEET INDIEN NODIG. 5 FEBRUARIE SAL 'N NORMALE SKOOLDAG WEES INDIEN DIT REëN.**

DAAR IS ONGELUKKIG NIE PLEK VIR AL DIE GR. 4 – 7 LEERLINGE OP DIE PAWILJOEN. GRAAD 7'S WAT MET DIE WYK BY DIE HUIS WIL BLY SAL NIE AFWESIG GEMERK WORD NIE.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

Datum	Verwysing	Bedrag
2015/01/01	Skoolfonds & ADM	R850,00
2015/01/08	2872	R770,00
2015/01/08	Botha A	R700,00
2015/01/13	3604	R740,00
2015/01/13	R0z Miane	R2 010,00
2015/01/14	Mia Loots GR R	R2 000,00
2015/01/15	Skoolfonds	R2 000,00

VALENTYNSDAG:

Vrydag, 13 Februarie mag die leerlinge enige rooi, wit of pienk betaamlike klere aantrek. Daar is geen koste daaraan verbonde. Die leerlinge bring steeds hul tasse en dit gaan 'n normale skooldag wees. Skoolreëls geld vir hare en juwele.

GEDENKMUUR:

Die leerlinge in Graad 7, kan R140 kan betaal om hul naam op die **Gedenkmuur** aan te bring. Leerlinge wat op rade dien, se betrokke raad sal ook daarop aangedui word. Die Graad 7's van 2015 se gedenksteen, met hul name op gegraveer sal met die Graad 7 afskeids-erediens onthul word. Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Sluitingsdatum is einde Augustus 2015.

MIDDELAFSTANDE AFRIGTING:

Daar is gratis middelafstand oefening by Hoërskool Akasia van 16:45 – 17:30 van Maandae tot Donderdae.

MY SCHOOL EN MAKRO:

Ons herinner u daaraan om u "My school" kaart te gebruik. Elke keer wat u aankope met die kaart doen, ontvang die skool 'n gedeelte van u aankope. Maak ook seker dat u Makro kaart gekoppel is aan Danie Malan. Ons verdien baie geld, net omdat u as Danie Malan ouer by Makro aankope doen. Ons het van Junie – Desember 2014 R30 000 verdien. Baie dankie aan elke ouer wat die projek ondersteun het! **U MOET ELKE JAAR WEER U MAKRO KAART KOPPEL.**

"BEE" of SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING "SEB":

Indien daar ouers is wat betrokke is by Swart Bemagtiging akkreditasie, of ouers wat BEE bydraes moet maak om geakkrediteer te word, kan u vir Adel Jordaan skakel. Sy kan aan u verduidelik hoe die skool daaruit voordeel kan trek. Vir meer inligting skakel Adel by 0727808360.

HERWINNING:

Ons herwin papier. Indien u tydskrifte of boeke het kan u dit in ons Mondi-drom kom gooi in Koos de La Reystraat. U kan ook gebruikte wit papier wat geen krammetjies in het nie kantoor toe stuur. Ons aanvaar ongelukkig nie meer ander herwinbare materiaal soos koeldrankbottels nie.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 4 – 4 FEBRUARIE 2015

CANVAS SAKKIES VIR LEERDERS SE SKRIFTE EN CANVAS SAKKIES VIR HANDBOEKE:
Die leerders het handboeke aan die begin van die jaar ontvang. Ons wil graag hierdie handboeke vir nog 5 jaar gebruik. Om u kind se skrifte en handboeke te beskerm, bestel by ons Canvas zip sakkies beskikbaar @ R160 vir 6. Of u kan een sakkie bestel vir R30,00.Die fondse wat ingesamel word gaan vir die skool. Ons wil asb. alle ouers aanmoedig om die handboeke in die sakkies in u kind se tas te los, aangesien u vir die handboeke gaan betaal indien dit beskadig is. Indien u belangstel kan u by Mev. Erica van Wyk by die skool bestel en betaal of kontak haar by 084 608 7099.

BEHOEFTIGE LEERDERS:
Indien u kind aan Buitemuurse aktiwiteite wil deelneem, en u nie die klere kan bekostig nie, skryf 'n brief aan die BL, en rig 'n versoek dat dit uit die behoeftige fonds betaal word. Briewe moet by die hoof ingehandig word. Ons wil geen kinders die reg ontneem om aan iets deel te neem nie.

BROODJIE LEERDERS:
Ons rig 'n spesiale versoek aan ouers wat broodjies kan maak vir die behoeftige leerders. U kan vir Casper Snyman kontak by die skool indien u ons van hulp kan wees. Ons benodig nog tien ouers wat broodjies kan maak.

OUDLEERDER PRESTEER:
Paul Boshoff, 'n oud leerder van Danie Malan het Springbokkleure verwerf in Gholf. Ons is baie trots op hom!

EIENAARSKAP:
Baie dankie aan al die ouers wat aan ons eienaarskapprojekte deelneem. Ons waardeer u bydraes ongelooflik baie. Ons wil graag die tuine bietjie verbeter. As u dalk plante en potte kan skenk kan u die hoof skakel of epos by hoof@daniemalan.co.za.

Ons benodig ook speelgoed, leesboekies en fantasieklere vir die Graad R sentrum. Stuur asb. enige speelgoed, gebruik of nuut, na ons Graad R sentrum, indien u het waarvan u ontslae wil raak.

PARKERING OP BESIGHEDE SE PERSELE:
Net 'n vriendelike versoek dat u nie op die besighede om die skool se persele moet parkeer as u, u kind kom af- of oplaai nie. Daar is verskeie klagtes van die besighede dat ouers op hulle perseel parkeer. U samewerking in die verband sal waardeer word.

Groete

Hettie Smith
Mev. Hettie Smith
Skoolhoof

VERON'S KUNS KLASSE

VIR KIDS

KINDERS LEER OM ENIGE VORM VAN KUNS TE DOEN IN VERSKILLENDE MEDIUMS

As jy baie van kuns hou is dit die plek om te wees!!!

Klasgelde beloop R350 per maand alles ingesluit
Kies 'n middag wat jou pas Donderdae of Vrydae vanaf
15h00 tot 16h00 of 16h00 tot 17h00
Kinders van Gr 1 tot Gr 10 met 'n passie vir kuns!

KONTAK: VERONICA 082 756 1788

SKOOL FOTOGRAFIEKLUB

Wat het ek nodig om deel te word?

- 'n **GROOT liefde** vir **foto's** neem!
- Jou eie **digitale kamera** ('n gewone kamera is perfek, geen spesiale toerusting is nodig nie).
- Genoeg tyd om elke **Dinsdag** van **14:15– 15:15** 'n **klas** by te woon. Klasse beloof om propvol pret te wees!

Wie kan almal deel word van die klub?

- Enige leerder in **graad 5, 6 & 7** kan deel word.

Wat kan ek nog verwag?

- Ten minste twee heerlike **uitstappies** deur die jaar om nuut aangeleerde vaardighede te kan toepas, asook
- 'n **Sertifikaat** van erkenning aan die einde van die jaar.

Wat is die kostes om deel te wees van die klub?

- Maandelikse **klubfooi** van R200 (betaalbaar Februarie tot November 2015)
- **Registrasie** fooi van R100 (eenmalig)

Hoe word ek deel van die klub?

Kom woon die **GRATIS DEMONSTRASIE KLAS** by eerskomende **Woensdag 10 Februarie 2015**, by die **LAPA**. Sien almal daar!!!

Vir meer inligting oor die skool se fotografieklub kontak gerus die organiseerders by:
info@myschoolpictures.co.za | 082 294 6044 (Yolandi Wirth) | www.myschoolpictures.co.za

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

Algemene navrae/ General enquiries:
navrae@daniemalan.co.za
Vrystellings/ Exemptions:
finansies2@daniemalan.co.za
Hoof/ Principal:
hoof@daniemalan.co.za

Akademie/ Academic:
hbloem58@gmail.com
Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:
ontvangs@daniemalan.co.za
Finansies / Finances :
finansies@daniemalan.co.za
Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:
fventer@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 4 – 4 FEBRUARIE 2015

SM
EST. 1995
Computer-aided Education

Stimulus Maksima!®
Pretoria-Moot

Reading & Maths Preparation (Ages 4 - 6)
Learn to Read (All ages - when ready)
Reading Improvement (Gr. 1 - 12 & Adults)
Mathematics (Gr. 1 - 12)
English & Afrikaans

+27 (0)82 887 7543
ptamoot@stimulus.co.za
www.stimulus.co.za
Your progress - Our passion

PLATINUM
Musiek Akademie

SANG, KITAAR
KLAVIER
& KLAWERBORD KLASSE

LET WEL MIN PLEKKIES BESKIKBAAR SO SPRING VINNIG VIR 2015
ALLE OUDERDOMME WELKOM.

Ons is by Laerskool Danie Malan in Pretoria - Noord

Wat Leer Musiek Jou?

Selfdisissipline, Selfvertroue, Selfrespek en verander, Hantering van Stres, Koördineering, Dinkvaardigheid, Luistervaardigheid, Bekwaamheid, Verbetering in Leesvermoë, Ondek jouself (wie jy is) Verhoudingsbou,Vertroue & Breinontwikkeling

Kom Droom, Leef, Ondek en Verken Jou Talent. Kontak: 082 775 3626

www.platinummusiek.co.za